Geloftevolk Koördineringskomitee

www.volksvergadering.co.za

Posbus 17305
Bainsvlei
9338

Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Telefoon: 082 455 4303
Faks: 086 619 2695


# Besluite van die 8ste Volksvergadering van die Geloftevolk van Suid-Afrika gehou op 17-18 September 2016 te Orania.

Die Geloftevolk is daardie volk wat gebonde is aan ons Hemelse Vader by wyse van die Skrifte en gekenmerk word regdeur ons geskiedenis, vernaamlik deur die geloftes wat sedert volksplanting tot stand gekom het, te wete:– Die Geloftes van: Van Riebeeck [1654]; Bloedrivier [1838], Paardekraal [1880] en Voortrekkerhoogte [1939].
Ons is vanaf die begin die Geloftevolk!

**Tema:** *Mat. 6:33: Soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.* Hierdie soeke na die koninkryk van God en Sy geregtigheid begin by die soeke na die KONINGSKAP van Jahshua Messias [Jesus Christus]. Sy Koningskap behoort vir ons hoofsaak te wees op die vryheidspad na 'n Teokratiese bestel.

1. **Oorkoming van die kerklike aanslag op die kulturele waardes van die Geloftevolk.**

   Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding deur Tienie Dumas. Die vergadering neem kennis van die besluit van die Wêreldraad van Kerke wat geneem is in 1954 in Evanston [Illinois, VSA], waar afsonderlike ontwikkeling as onbybels verklaar is. Dit het 'n groot bydrae gelewer dat die Cottesloe- en Rustenburg beraad plaasgevind het. Die aanslag teen ons Geloftevolk word dus primêr op kerklike terrein gevoer en is die politiek daarby betrek. So moes die vorige Bybelbegronde Grondwet vernietig word en die huidige bestel tot stand gebring word, waar die Almag en leiding van God Almagtig nie erken word nie, en waar alle godsdienste gelyk is voor die Grondwet as hoogste gesag. Die verpligting rus dus op ons as Geloftevolk om die huidige kerklike en politieke invloede vanuit Bybelse perspektief aan te spreek, aangesien dit ons fondament en rots is waarop ons Volkshuis gebou moet word. Die vergadering bevestig opnuut dat ons die Oppergesag en leiding van God Almagtig erken.

2. **Verskille tussen Teokrasie en Demokrasie aan die hand van die Bybel.**

   Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding deur Kobus Botes. Die vergadering neem kennis dat Israel vir ongeveer 400 jaar 'n Teokrasie gehad het, vanaf Moses tot Samuel. 1 Sam. 8:6-7 "Maar die woord was verkeerd in die oë van Samuel toe hulle gesê het: Gee ons 'n koning om ons te rig, en Samuel het tot JHWH (die HERE) gebid. Toe sê JHWH (die HERE) vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie." Ons sien dat God self leiers oor ons wil aanstel uit Deut. 17:14-15 "As jy kom in die land wat JHWH (die HERE) jou God jou sal gee, en dit in besit neem en daarin woon en dan sê: Ek wil 'n koning oor my aanstel soos al die nasies wat rondom my is, dan moet jy sekerlik 'n koning oor jou aanstel wat JHWH jou God sal verkies; uit die midde van jou broers moet jy 'n koning oor jou aanstel; jy mag geen uitlander, wat jou broer nie is nie, oor jou aanstel nie."

"Demokrasie" bestaan uit "Demos" wat verwys na "die mens" en "krateo" verwys na "heers, regeer". Dit beteken die mens is in beheer. Demokrasie is 'n stelsel van landsbestuur en regering — 'n wyse waarop 'n land regeer word. Dit beteken basies dat die mense 'n mandaat (hulle toestemming) aan die regering gee om die land namens hulle te regeer. Deur hulle reg om te stem, word die mense die geleentheid gebied om in gereelde, "*vrye en regverdige*" verkiesings die politieke partye en politici te kies wat hulle in die regering sal verteenwoordig.

"Teokrasie" bestaan uit "Teos" wat verwys na God (Elohim) en "krateo" wat verwys na "heers, regeer". Dit beteken God is in beheer, God regeer. Sy gesag word erken en geld soos dit aanvanklik in Israel was. Hy is die Een by wie die gesag gesetel is, Hy neem die besluite.

Wanneer ons kyk na die tydperk wat dr. Verwoerd aan bewind was, sien ons dat dit omtrent die eerste regering in ons volk se tyd was, waar die Unie reeds op demokratiese wyse gefunksioneer het. Omdat ons op daardie stadium te sterk geword het vir die wêreld en wêreldheersers, moes hulle planne beraam om van dr. Verwoerd ontslae te raak. Hy het hom nie laat rondstoot deur die buiteland nie en daarom was hy vir hulle 'n bedreiging. Hulle het verskeie planne beraam om hom uit die weg te ruim. En telkens het dit misluk. In elke demokratiese stelsel kom daar altyd die geleentheid wat mens op homself staatmaak en gou word die afhanklikheid van God vergeet. Ons ken die geskiedenis in die Bybel dat omtrent elke keer wat 'n Godvresende koning opgevolg word, dit 'n koning is wat nie wandel in die weë van die Vader nie. In 'n Teokratiese bestel kan dit nie gebeur nie, want daar is nie 'n enkele mens wat alleen die besluite kan maak nie. Elke besluit word aan die Skrif gemeet en indien daar nie duidelike antwoord in die Skrif is nie, word Vader geraadpleeg om die besluit dan te bevestig. Ook kan daar nie ongewenste elemente in die Raad inkom soos 'n Tsafendas nie, want elke aanstelling sal Teokraties deur Vader met behulp van die Lotsbeslissing aangewys word. Vader ken elke mens se hart en elke mens se bedoelings (Hand. 1:24-26). So sal die regering van die dag dan suiwer kan bly en ALTYD in die weë van die Almagtige wandel.

**3. Voorlegging van die profesieë volgens Openbaring 12 en 13.**

Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding deur Migael Lombard. Die vergadering neem kennis van die interpretasie en uitleg van Openbaring 12 en 13, en is dit duidelik dat die gebeure hierin op die punt is om in vervulling te gaan. Ons moet let op die manifistasie van die valse godsdiens deur die leringe van valse profete in ons tyd, selfs vanuit die afgewaterde Protestantisme, Charismatiese kringe en Katolisisme.

Die toepassing van die reputatiewe teorie, met inagneming van Daniel 9:24-25, Mattheus 24, en die seëls, basuine en skale van Openbaring, dui daarop dat hierdie gebeure herhalend van aard is.

Die tydstip wanneer die kerk die wêreld gaan mislei is die tydstip wanneer God se volk weggevoer sal word na die plek wat God vir hulle in die woestyn voorberei het. Die plek in die woestyn sinkroniseer met die verse in Openbaring 12 en Daniel 9:24-25 wat daarmee handel, deurdat die volk 'n metafoor is van die heilige stad Jerusalem wat in die proses van herbou is. Ons Verlosser, Jahshua Messias, het die tempel vervang en daardeur sal ons as volk volg deur die voorbereiding van onsself as volk in die woestyn waarheen ons weggevoer word. Die relevante gedeeltes in hierdie verse is dus metafories van toepassing. Die tersaaklike profesieë se verwysing na die herstel van Jerusalem en die daarmee verbandhoudende tye, het dus betrekking op die volk vir wie Daniël in die bres getree het en wat na die woestyn weggevoer sal word.

4. **Die hertoewyding tot die onderhouding van die 1939 Broederskap ooreenkoms soos voorgehou aan die volk deur Totius en soos bekragtig deur die instemming van 70,000 volksgenote te Voortrekkerhoogte.**

Die Transvaler

MEER AS 70,000 AFRIKANERS JUBEL OOR

HERENIGING VAN VOLK

Donderende Trou Aan Republiek

TREKKERIDEALE GEHULDIG

DOKTERSGRAAD SONDER EKSAMEN

Rekruteringsplan Van Die Randse Universiteit

Die Volksverklaring

Volk Gee Premier Geen Rede Om Krygswet Uit Te Roep Nie

Die Volksverklaring

DIE volksverklaring, wat deur Totius voorgelees is, lui as volg:

„In hierdie plegtige stond waarin die lug om ons heen tril van aandoening, waarin die gewaad van lof 'n benoude gees vervang, waarin 'n heilige vuur sy vonke van siel op siel laat oorspat, waarin ons, nog geen jaar later nie, op dieselfde plek staan waar ons as nasie saamverbonde gestaan het, maar nou nie meer alleen met 'n WENS in ons harte nie, maar met die DAAD van volkseenheid voor ons oë— in hierdie stond, waarin ons met onuitspreeklike dankgevoel erken en bely dat die heerlike God alleen die Wakkerskudder van ons nasie is, wens ons te verklaar dat die God van ons vaders aan ons regte verordeninge en betroubare wette gegee het, maar ons moet ook erken dat ons as volk daarvan afgewyk het, met die gevolg dat ons een en almal nie alleen ons hoë volksroeping versaak het nie, maar ook, tot ons straf, onder mekaar getwis het.

„Gedagtig aan die trou van Hom wat ons nooit verlaat het nie, maar ons nog steeds op die regte Pad van Suid-Afrika bewaar het, is ons gebed dat Hy aan ons volk die kennis van sy weë mag leer soos dié bewandel moet word in ons persoonlike, huislike en openbare lewe.

„Tewens wens ons met hierdie verklaring ons begeerte te openbaar en te beseël dat ons verlang om ons volk te dien, tot opbou en nie tot neerwerping nie, en dat ons mekaar se hand gryp op die Pad van Suid-Afrika om dit nooit weer los te laat nie. Dit verklaar ons plegtig met opheffing van ons hande."

Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding deur Dr. Ronnie v.d. Merwe.

Na verloop van 77 jaar en 7 volle dae neem die vergadering vandag die volksgelofte van 9/9/1939 weer in oënskou. Die politieke gebeure in die Boererepublieke en die Unie van Suid-Afrika vanaf 1902 tot 1939 word in oënskou geneem.

Die kritiese brandpunte wat drastiese wendings in die Afrikaner/Boere samelewing meegebring het was:

i) Die na-oorlogse verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes;
ii) die politieke bestuur van inheemse volkere en die Asiërs; en
iii) die verhouding met, en die onderhorigheid aan Groot Britanje.

Stelselmatig is die "verdeel en heers" strategie soos volg toegepas: die politieke posisionering van die volk in die nuwe party-politieke stelsel en die slaafse navolging van leiers aan beide kante, het die Afrikaner/Boere samelewing vervorm in 'n kookpot van twis en broederhaat. So is ons volk vernietig, sodat volksvreemdes vandag oor ons heers! Om die verdeeldheid uit die weg te ruim is daar in 1939 tot aksie oorgegaan.

'n Massa hereniging samekoms is gereël in 'n poging om die onmin te verwyder en die volk te herenig. Vir die geleentheid is Prof. J.D. du Toit (Totius) versoek om 'n gelofte op te stel en vir die volk te kom voorhou op 9 September 1939 te Voortrekkerhoogte.

Hierdie Gelofte, wat deur 70,000 volksgenote met opheffing van hande bevestig is, word deur geskiedenisskrywers weergee as 'n "Volksverklaring".

Die inhoud van die volksverklaring word ontleed aan die hand van die Skrif en bestaande volksgeloftes. Hieraan gemeet, val die "volksverklaring" binne die kader van verbondsaflegging en is in ooreenstemming met die Verbond van Esra en Nehemia (Neh. 9 en 10) naamlik dat die volk opnuut en voortdurend die nakoming van die Wet van die HERE (JHWH) sal nastrewe.

Die vergadering beskou die 1939 volksverklaring as 'n volwaardige gelofte wat naas die bestaande geloftes in herinnering gebring moet word.

Die Verbond van Voortrekkerhoogte op 9/9/1939 het egter gou vergete geraak.

Die volgende voorstelle word aan die Volksvergadering voorgelê:

i) Dat die vergadering intree vir ons volk en om vergifnis vra omdat hierdie verbond vergeet is;
ii) dat ons die sonde van broedertwis en haat in ons volksverlede bely en smeek dat die sondes van ons vaders ons nie verder toegereken sal word nie. (Ps. 79:8a);
iii) dat die vergadering, vir onsself en ons volk, om vergifnis vra vir enige veragting, twis of neerhalendheid teenoor ons naastes waaraan ons vanuit die verlede tot op hede voor die HERE (JHWH) skuldig is;
iv) dat die vergadering die dag van 9 September proklameer as "die dag van herinnering aan die Wet van die HERE (JHWH)" om te dien as 'n baken van besinning vir die Geloftevolk.

Die vergadering aanvaar die voorstelle.

**5. Die morele onderrig en lewensorientering van ons kinders in skole en ouers se verantwoordelikheid daarteenoor.**

Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding deur Tienie Dumas. Die vergadering neem kennis van die feit dat die huidige bestel se onderwysbeleidstuk lui dat enige godsdiensonderrig op onpartydige wyse aangebied moet word. As gevolg hiervan mag die Christelike Godsdiens nie voorrang geniet nie. In staatskole word onderwysers verplig om kinders in meer as een godsdiens te onderrig, terwyl die Skrif ons leer dat ons die afgode se name nie eers oor ons lippe mag noem nie. Dekades van multikulturele onderrig in staatskole het gelei tot groot bekommernis oor die huidige gebrek aan morele waardes.

Die herstel van ons morele waardes is onlosmaaklik verbind aan ons strewe na soewereiniteit en kan nie daarsonder verwesenlik word nie. Ons as Geloftevolk sal op 'n Tweede Groot trek moet gaan, wat 'n trek in die Gees sal wees. 'n Trek om ons vry te maak van die misplaasde skuldgevoelens oor ons herkoms.

**6. Die dade van die engele tydens die slag van Bloedrivier.**

Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding deur Andries Pretorius. Die vergadering neem kennis van die betrokkenheid van die magte van Lig en duisternis wat werksaam was voor en tydens die slag van Bloedrivier. Getuienis van die wonderwerk tydens Bloedrivier word gelewer vanuit 'n boek wat geskryf is deur wyle Mnr. Gert de Jager, wie se agter-oupa grootjie by die slag van Bloedrivier was. Die eiendom waarop die slag van Bloedrivier plaasgevind het was geslagte lank in die besit van hierdie De Jager familie. Eienaardige gebeure het plaasgevind tydens die slag van Bloedrivier. Van hierdie gebeure was beskryf deur die Zoeloes wat vir die De Jagers gewerk het jare na die slag. Die Zoeloes het gesê daar was skielik 'n geweldige groot leërmag op perde met wapperende baniere, wat oor die berge aangekom het, met 'n leier op 'n wit perd aan die voorpunt, wat 'n baie groot swaard gehad het. Vir hierdie gesig het die jong Zoeloe krygers uit vrees gevlug. Dit het daartoe gelei dat die verwarde Zoeloes mekaar in groot getalle begin doodmaak het omdat vlug nie toegelaat was nie. So het God die Almagtige deur bonatuurlike ingrype die Voortrekkers te hulp gekom en die oorwinning verseker. Navrae oor Mnr. De Jager se boek van getuienis kan aan die GKK gerig word.

**7. Skuiling by die Allerhoogste in die dae van benoudheid.**

Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding deur Johan Erasmus. Die vergadering neem kennis van die moontlikheid van groot natuurrampe oor die aarde, volgens die profetiese oordele waarvan ons lees in die Bybel. (Jes. 13:5-7, 24:1-6, Dan. 2:34,45, Amos 1, Sef. 1:1-18, Matt. 24:29-30, Luk. 17:26-30, 21:25-28, 2 Pet. 3:4-10 en Opb. 16:18-21, Opb. 18:8) Die vergadering doen 'n beroep op volksgenote om deur 'n lewe van Geestelike ootmoed skuiling te soek by die Allerhoogste, volgens die riglyne van Psalm 50:15, Sef. 2:3 en Sef. 3:11. Die vergadering doen ook 'n beroep op volksgenote om fisies verantwoordelik en voorbereid te wees in hierdie verband.

**8. Verootmoediging.**

Tydens die verootmoedigingsdiens is die volgende volksondes bely teenoor ons Hemelse Vader, waarvoor daar om vergifnis gepleit is tot ons ewige Hoëpriester, Jahshua Messias (Jesus Chritus), onder leiding van die Heilige Gees:

**1. Nie-nakoming van die 1939 Volksverklaring deur broedertwis en haat.**

Die vergadering tree in vir die volk en vra om vergifnis omdat die 1939 Volksverklaring en gepaardgaande onderneming vergeet is. Die vergadering bely die sonde van broedertwis en haat in ons volksverlede en smeek dat die sondes van ons vaders ons nie verder toegereken sal word nie. Die vergadering vra om vergifnis vir onsself en ons volk vir die veragting, twis en neerhalendheid teenoor ons naastes vanuit ons verlede tot vandag toe.

**2. Nalating van persoonlike verantwoordelikhede deur die manne in die volk.**

Die manne van ons volk oud en jonk moet persoonlik verantwoordelikheid neem sodat hul optrede deurgaans 'n spieëlbeeld is van wat ons Hemelse Vader van ons as manne verwag. Volgens Hag. 1:4 behoort ons die huis van ons Hemelse Vader eerste te stel, waarna ons eie huise in orde sal wees. Jesus Christus (Jahshua, die Messias) het persoonlike verantwoordelikheid beklemtoon in Luk. 6:42 "Haal eers die balk uit jou oog uit, en dan sal jy goed sien om die splinter wat in jou broeder se oog is, uit te haal."